

# Lewende Brood uit die Hemel

Adrian Ebens
Carlos Hernández

# Lewende Brood uit die Hemel

**Adrian Ebens en Carlos A. Hernández**

Gedruk deur

Maranathamedia.com

2019

Opgedateer gedurende die Huttefees Okt. 2017

Die voed van die vyfduisend gee ons 'n wonderlike illustrasie van hoe die lewe van Christus ons onderhou. Hierdie wonderwerk het plaasgevind net voor die pasga sou begin.

> Johannes 6:4,5 En die pasga, die fees van die Jode, was naby. (5) Toe Jesus dan sy oë opslaan en sien dat 'n groot menigte na Hom kom, sê Hy vir Filippus: Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?

Met die fees van ongesuurde brood wat op hande was, het Jesus verlang om Sy mense te help om die geestelike simboliek van brood in die Joodse ekonomie te herontdek? Hy neem vyf brode en twee vissies en vermeerder hulle in 'n fees om 5000 mans plus vroue en kinders te voed. Die mense was verbaas toe hulle die wonderwerke sien en het toe na Jesus begin soek. Ongelukkig was dit nie geestelike brood wat hulle gesoek het nie, maar bloot die fisiese brood.

> Johannes 6:26 Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.

Hierdie situasie bied Jesus die geleentheid om die mense die ryke simboliek te leer van die brood en hoe dit na Hom verwys as ons Onderhouer.

> Johannes 6:27 Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.

Jesus het die mense aangemoedig om eerder na die geestelike voedel, wat ewige lewe gee, te kyk, as om bloot na fisiese voedel te soek. Hierdie geestelike spys kan slegs van Christus Jesus, ons Here, kom. Die mense vra natuurlik vir Jesus hoe hulle dit kan verdien. Sy antwoord is verrassend:

> Johannes 6:28-29 Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van God te volbring? (29) Jesus antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.

Die werk wat hulle geroep is om te doen, was om eenvoudig te glo in Christus as die Seun van die Lewende God, die Messias wat deur God gestuur was vir verlossing. Die eenvoudige vertroue in die beloofde Messias sal die Gees van Jesus toelaat om hulle te vul en te versterk om 'n stewige greep aan die

ewige lewe te verkry. Die mense was nie tevrede met hierdie antwoord nie. Hulle wil sigbare bewyse hê van hierdie eis en het toe vir Jesus uitgedaag:

> Johannes 6:30-31 En hulle sê vir Hom: Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U? (31) Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet.

Die lieflike verkwikkende Gees van Jesus wat in die siel werk, kan nie gesien word nie. Dit kom in die hart van iemand wat in die Woord van God, omtrent die Messias, vertroue het. Die mense het 'n sigbare teken gevra en toe na die voorbeeld gewys van die manna wat uit die hemel in die woestyn neergedaal het. Weereens wys Jesus hulle op die geestelike realiteit agter die wonder van die manna.

> Johannes 6:32-33 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. (33) Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.

Jesus verduidelik die diep waarheid van die Goddelike Patroon. Die onsigbare ware brood wat neergedaal het, word deur die sigbare manna uitgebeeld. As hulle die simbool onderskei het, sou dit hulle na Christus gewys het en hulle sou besef dat die enigste rede waarom hierdie manna in die woestyn geval het, was omdat Christus Sy lewenskrag gegee het om dit vir hulle te gee.

Jesus herhaal hierdie les versigtig deur die res van hoofstuk ses. Let noukeurig op hierdie woorde:

> Johannes 6:48-51 Ek is die brood van die lewe. (49) Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. (50) Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. (51) Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.

Alle lewe kom uit Christus en nou openbaar Jesus hoe hierdie lewe na ons toe kom.

> Johannes 6:51 … die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.

Jesus verduidelik dit verder:

> Johannes 6:53-55 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. (54) Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. (55) Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.

Die enigste manier waarop Christus ons hierdie lewe kan gee, is dat Hy moet ly en sterf. Probeer om die verhouding tussen Christus en Sy skepping in die volgende aanhalings, te verstaan:

> 'Onse Here het gesê, "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie… Want My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank." Joh. 6: 53-55. **Dit is waar van ons fisiese natuur. Selfs ons aardse lewe is ons aan die dood van Christus verskuldig. Die brood wat ons eet, is deur Sy gebroke liggaam gekoop. Die water wat ons drink, is deur Sy vergote bloed gekoop. Niemand nie, of hy 'n heilige of sondaar is, eet sy daelikse voedsel of hy word gevoed deur die liggaam en bloed van Christus. Elke brood dra die stempel van die kruis van Golgota. In elke fontein word dit weerkaats**. Dit alles het Christus geleer met die instelling van die simbole van Sy groot offerande. Die lig wat skyn van daardie Avondmaal in die bovertrek, heilig die voedsel van ons daelikse lewe. Die familietafel word soos die tafel van die Here, en elke maaltyd word 'n sakrament.' *Koning van die Eeue*, bl. 678.3,4

> 'Hy is nie net die grondlegger van alles nie, maar Hy is die lewe van elke ding wat leef. Dis is Sy lewe wat ons ontvang in die sonlig, in die suiwer, vars lug, in die voedsel wat ons liggame opbou en ons krag in stand hou.' *Opvoeding*, bl. 159

Hierdie hele fisiese lewe berus op Christus se ewige lewe. Elke stukkie voedsel wat ons eet, kom na ons toe deur die koop van Christus se bloed. Die krag in die son, die reën en die aarde wat die sade van ons produkte versorg,

is gegee deur die krag van Christus deur Sy Kruis. Dit lei ons tot 'n baie belangrike waarheid.

Die voedsel wat ons eet, het nie lewe op sigself om ons lewendig te hou nie. In plaas daarvan is die voedsel wat ons eet 'n kanaal vir die krag van Christus wat aan ons gegee word. Hierdie krag is in staat gestel om deur die voedsel te kom weens Christus se groot offer aan die kruis. So, as ons die brood wat ons eet, bedink, is dit nie hierdie fisiese brood wat ons aan die lewe hou nie. Inteendeel, dit is die ware brood uit die hemel wat Christus is, wat ons lewe gee.

> ‘Op alle geskape dinge word die stempel van die Goddelike gesien. Die natuur getuig van God. Die ontvanklike verstand, wat met die wonder en verborgenheid van die heelal in aanraking gebring word, kan nie anders as om die werking van ‘n oneindige mag te erken nie. Nie deur sy eie inherente energie bring die aarde sy oorvloed voort en hou dit sy beweging om die son jaar na jaar vol nie. 'n Onsigbare hand rig die planete in hulle kringloop deur die hemele. ‘n Geheimsinnige lewe deurtrek die ganse natuur - 'n lewe wat die tallose wêrelde dwarsdeur die onmeetlike in stand hou, wat in die insekkrieseltjie lewe soos dit in die somerbriessie dryf, wat die wiekslag aan die swael in sy vlug verleen en die jong rawe voed as hulle roep, wat die botsel laat bloei en tot vrug laat kom.
>
> Dieselfde mag wat die natuur in stand hou, werk ook in die mens. Dieselfde groot wette wat ster en atoom bestuur, heers oor die menslike lewe. Die wette wat die hartklop rig om die vloei van die lewenstroom na die liggaam te reguleer, is die wette van die magtige intelligensie wat regsbevoegdheid oor die siel besit. Uit Hom vloei alle lewe voort. Net in harmonie met Hom kan die ware arbeidsveld daarvan gevind word.’ *Opvoeding*, bl. 77.1-2

Om dit duidelik te maak, Christus is nie die brood nie; Hy is ook nie in die brood nie. Die brood is 'n kanaal vir Sy lewe wat aan ons gegee word. Christus is die bron, en die brood is die kanaal. Hierdie is apart en afsonderlik, en tog word een ontvang deur die ander. Die Gees van Profesie maak hierdie onderskeid baie duidelik soos volg:

> ‘God se handewerk in die natuur is nie God self in die natuur nie. Die dinge van die natuur is 'n uitdrukking van God se karakter; deur hulle kan ons Sy liefde, Sy krag en Sy heerlikheid verstaan; maar ons moet die natuur nie beskou as God nie. Die artistieke vaardigheid van mense produseer baie mooi vakmanskap, dinge wat die oog verheug en hierdie dinge gee ons iets van die idee van die ontwerper; maar die dinge wat gemaak is, is nie die man nie. Dit is nie die werk nie, maar die werksman, wat eerwaardig geag word. Dus, terwyl die natuur 'n uitdrukking is van God se gedagte, is dit nie die natuur nie, maar die God van die natuur wat verhef moet word.’ Vry vertaal vanuit *Testimonies*, Vol. 8, bl. 263

Die mense met wie Jesus gepraat het, het net die fisiese brood gesien en kon nie verder gekyk het om die krag van Christus, wat deur die brood gegee word, te sien nie. Met hierdie kennis sal elke maaltyd veroorsaak dat ons harte vol liefde vir Christus sal wees vir Sy groot liefde om ons Sy lewe te gee deur die voedsel wat ons kan deel.  As ons hierdie feit nie erken nie, dan sal die aardse voedsel wat ons eet ons nie vir ewig aan die lewe kan hou nie. Dit bewys duidelik dat voedsel nie die krag het om lewe te gee nie. Dit kan net 'n voertuig of kanaal wees om lewe te gee.

Die les wat Jesus in die voed van die 5000 gegee het, was om te help met die voorbereiding van die gedagtes van Israel terwyl hulle deelgeneem het aan die fees van ongesuurde brood. Elke stukkie brood in die Joodse ekonomie was om hierdie belangrike les van die lewe te leer, wat alleenlik in Christus gevind kan word.

Hierdie waarheid gee betekenis aan die spys- en drankoffers wat aangebied word gedurende die daaglikse offers, sowel as op die Sabbatte, nuwemane en feesdae. Ons onderstreep die punt dat elke asem wat die mens neem en elke stukkie voedsel wat mense eet, is 'n kanaal vir die lewe van Christus. Dit is die krag van Christus wat deur hierdie elemente ontvang word. Dit was die geval vanaf die grondlegging van die wêreld. Ons sien in die offerstelsel hoe die waarheid verduidelik en verstaan moes word.

> Númeri 28:2 Gee bevel aan die kinders van Israel en sê vir hulle: Julle moet daarvoor sorg om my offer, my spys vir my vuuroffers as lieflike geur vir My, op die bepaalde tyd aan My te bring.

Die brood waarna hier verwys word, is die spysoffer wat 'n mengsel van meel en olie was en dan op die offeraltaar gebak was saam met die geofferde dier. Let op na die offer vir die daaglikse offer.

> Númeri 28:3-6 En jy moet vir hulle sê: Dit is die vuuroffer wat julle aan die HERE moet bring: twee jaaroud lammers sonder gebrek elke dag as ’n voortdurende brandoffer. (4) Die een lam moet jy in die môre berei, en die ander lam moet jy teen die aand berei; (5) met ’n tiende van ’n efa fynmeel as spysoffer, gemeng met ’n kwart-hin uitgestampte olie. (6) Dit is die voortdurende brandoffer wat by die berg Sinai ingestel is as lieflike geur, ’n vuuroffer aan die HERE.

Elke oggend en aand was 'n lam geoffer. Met hierdie lam was ook ‘n tiende van 'n efa meel en 'n kwart van 'n hin van olie geoffer. Sommige bronne sê 'n efa is ongeveer 35 liter[1] en ander sê dit is ongeveer 22 liter[2]. Die verhoudings is ons hoofpunt vir illustrasie, dus sal ons die 22 litermaat gebruik in hierdie boekie. Liter meet volume terwyl kilogram gewig meet. 1 Kilogram volkoring meel is ongeveer 1,83 liter. 'n Hin is ongeveer 'n gelling wat 3,6 liter[3] is. Daarom is daar by elke daaglikse offer 2.2kg meel gemeng met sowat 900ml of 'n kwart gelling olie. Deur dit in ‘n tabel te plaas, het ons die volgende:

---

[1] http://www.dictionary.com/browse/ephah; http://www.thefreedictionary.com/ephah

[2] http://www.convert-me.com/en/convert/history_volume/bibephah.html
http://bibleresources.americanbible.org/resource/weights-and-measures-in-ancient-Israel;
https://en.wikipedia.org/wiki/Ephah

[3] http://bibleresources.americanbible.org/resource/weights-and-measures-in-ancient-israel

| Offer | Diere | Totaal Meel vir Offer | Totaal Olie vir Offer |
|---|---|---|---|
| Daagliks | 2 Lammers – een in Oggend en een in die aand<br>Totaal = 2 lammers | 2.2kg meel x 2 vir oggend en aand<br><br>Totaal = 4.4kg | 0.9 lt x 2 vir oggend en aand<br><br>Totaal = 1.8 lt |

'n Handvol meel en olie saam gemeng is op die offeraltaar gebrand saam met 'n bietjie wierookolie en die res van die meel en olie is aan die priesterskap gegee.

> Levitikus 2:1-3 EN as iemand aan die HERE ’n spysoffer bring, moet sy offer fynmeel wees; en hy moet olie daarop giet en wierook daarby voeg; (2) en hy moet dit na die seuns van Aäron, die priesters, bring; en die priester moet daarvan ’n handvol neem, van die fynmeel met die olie, met al die wierook wat daarby behoort; en hy moet dit as die gedenkoffer op die altaar aan die brand steek, ’n vuuroffer van lieflike geur aan die HERE. (3) En wat oorbly van die spysoffer, is vir Aäron en sy seuns, ’n hoogheilige deel van die vuuroffers van die HERE .

> Levitikus 10:12-14 En Moses het met Aäron gespreek en met sy seuns Eleásar en Ítamar wat oorgebly het: Neem die spysoffer wat van die vuuroffers van die HERE oorgebly het, en eet dit as ongesuurde koeke langs die altaar; want dit is hoogheilig. (13) Daarom moet julle dit op ’n heilige plek eet, want dit is wat aan jou en jou seuns toekom uit die vuuroffers van die HERE; want so is aan my bevel gegee. (14) Ook die beweegbors en die hefboud moet julle op ’n rein plek eet, jy en jou seuns en jou dogters saam met jou; want as deel wat aan jou en jou seuns toekom, is hulle uit die dankoffers van die kinders van Israel gegee.

Christus het Homself as die brood van die lewe in Johannes 6 geopenbaar. Die ongesuurde brood wat van meel en olie gemaak was, was 'n kanaal wat wys na die lewe wat in Christus beskikbaar is.

Hoe het hierdie ware brood uit die hemel neergedaal? Dit het deur die offer van Christus se lewe vir die wêreld gekom. Hoe was dit erken in die daaglikse diens? Dit was deur die offer van die lam. Dus was die offer van die lam 'n erkenning van die lewe van Christus wat gegee is om die Heilige Gees te ontvang. Hierdie waarheid is getoon in die meel en olie gekombineer as brood wat deur die priesters geëet was. Hulle was op hul beurt weer dienaars van genade aan die res van Israel. Vandag is diegene wat in Christus glo, deel van die koninklike priesterdom en almal kan deel hê aan hierdie lewende brood.

> 1 Petrus 2:9 Maar julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

Voeg dit nuwe betekenis by die Here se gebed? Let op hierdie punt:

> Matthéüs 6:11 Gee ons vandag ons daaglikse brood;

Elke oggend en elke aand in die daaglikse offer, het die brood wat geoffer was die ware brood gesimboliseer wat van die hemel neergedaal het en die vermoë vir Christus om dit te doen was gesimboliseer in die dood van die lam elke dag. As ons bid "gee ons vandag ons daaglikse brood", dink ons aan die ware brood van God wat van die hemel neerdaal of bloot aan fisiese brood?

Die vermoë vir die Israeliete om te leef, asem te haal, te eet en te drink, was net omdat die ware brood uit die hemel neergedaal het. Wat baie interessant is, is om te sien wat gebeur met die offers op die Sabbat.

> Númeri 28:9-10 MAAR op die sabbatdag twee jaaroud lammers sonder gebrek en twee-tiendes van ’n efa fynmeel as spysoffer, met olie gemeng, en die drankoffer wat daarby behoort. (10) Dit is die brandoffer van die sabbat op elke sabbat, behalwe die voortdurende brandoffer en die drankoffer wat daarby behoort.

Op die Sabbat is die offer en die spysoffer verdubbel:

| Offer | Dier | Totaal Meel | Totaal Olie |
|---|---|---|---|
| Daagliks – een lam in die oggend en een in die aand | 2 Lammers<br><br>Totaal =2 lammers | 2.2kg meel x 2<br>Totaal = 4.4kg | 0.9lt x 2<br>Totaal = 1.8lt |
| Sabbat | 2 Lammers plus 2 lammers in daaglikse offer.<br>**Totaal = 4 lammers** | 4.4kg plus 4.4kg van daaglikse offer.<br>**Totaal = 8.8kg** | 1.8lt plus 1.8lt<br>Van daaglikse offer.<br>**Totaal = 3.6lt** |

Die belangrike vraag wat gevra moet word, is hoekom word alles verdubbel op die Sabbat? Weereens word ons daaraan herinner dat elke brood en elke druppel olie 'n kanaal is van die lewe van Christus om na ons vloei. Die letterlike en sigbare spys en drank het heengewys na die geestelike spys en drank wat van die hemel neerdaal na die aarde deur Christus. Paulus stel dit so:

> 1 Korinthiërs 10:1-4 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, (2) en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, (3) en almal dieselfde geestelike spys geëet het, (4) en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

Toe Moses die rots geslaan het en die water uitgekom het, was dit nie bloot toegang tot fisiese water nie, hulle het ook deelgeneem aan die lewe van Christus. Die water op sigself kon hulle nie aan die lewe hou nie. Dit was die Gees van Jesus wat hulle aan die lewe gehou het. Dit is waarom hulle almal hierdie geestelike drank gedrink het, nie slegs die regverdiges nie. Weereens word ons herinner:

> Matthéüs 5:45 sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.

> Johannes 1:9 Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.

Die lewe van Christus word aan alle mense gegee deur die kanale wat Hy ingestel het. Diegene wat nie verder as die fisiese voedsel en drank kyk nie, sal uiteindelik sterf, omdat hulle weier om die bron van lewe te erken. Daarom het Jesus aan Sy gehoor gesê:

> Johannes 6:32-33 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel. (33) Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.

Die manna wat in die woestyn geval het, het nie van Moses af gekom nie. Dit was ook nie die manna self wat hulle aan die lewe gehou het nie. Dit was die lewe van Christus deur die manna wat hulle aan die lewe gehou het. Dit is die ware brood wat uit die hemel neerdaal. Die hele Israel het geëet en gedrink van die geestelike spys en drank, maar hulle het byna almal in die woestyn gesterf, want hulle het nie verder gekyk as die fisiese voedsel en water nie. Met hierdie in gedagte, laat ons terugkeer na die kwessie van ekstra meel, olie en offers op die Sabbat.

Die Bybel vertel ons dat God die Sabbat geheilig het. Hy het dit heilig gemaak. A. T. Jones verklaar dit uitdruklik wanneer hy sê:

> ‘Nog 'n ding: Wie was die ware teenwoordige agent in die skepping? [Gemeente: "Christus."] Wie was dit wat gerus het? [Gemeente: "Christus."] Wie was verkwik? [Gemeente: "Christus."] Wie het geseën? [Gemeente: "Christus."] Wie se teenwoordigheid het dit geheilig? [Gemeente: "Christus s’n"] Wie se teenwoordigheid is in die dag? [Gemeente: "Christus s’n."] Dan die mens wat die teenwoordigheid van Jesus Christus nie heilig nie, en nie heilig maak nie en nie seën nie en aan wie dit nie rus bring nie, kan nie die Sabbat hou nie. **Sien u nie, dit is net met Christus in die mens wat die Sabbat gehou kan word;**

> **omdat die Sabbat die teenwoordigheid van Christus bring en daarin het**.’ Vry vertaal vanuit *A. T. Jones*, GCB1893, Preek 20.

Let nou op hierdie belangrike punt wat A.T. Jones maak:

> ‘Het die mens, in daardie tyd, in die tuin van Eden, soos God hom gemaak het, alles van God geweet wat hy ooit kon weet? [Gemeente: "Nee."] **Dan, soos elke Sabbat gekom het, sal dit addisionele kennis en teenwoordigheid van God aan hom bring. Maar wie is dit? [Gemeente: "Christus."] Addisionele kennis en teenwoordigheid van Christus in Homself**. Dan, indien hy getrou gebly het, sou hy steeds in die kennis van God, in Homself, in sy eie ervaring, meer en meer gegroei het in alles wat die aard van God is.’ Vry vertaal vanuit *A. T. Jones*, GCB 1893, Preek 20.

So bring die Sabbat addisionele porsies van Christus se teenwoordigheid. Is dit dan hierdie verskil wat gereflekteer word in die verskil tussen die daaglikse offers en die Sabbatoffers? Daar is 'n dubbele porsie van die offers, meel en olie. Sê die groter hoeveelheid offer nie dat daar 'n groter geskenk van die Gees is wat aan ons op hierdie dag gebied word nie? Hier is die belofte van die Here:

> Jesaja 58:13-14 As jy jou voet terughou van die sabbat — om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat ’n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; (14) dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek.

Weet dat daar addisionele seëninge in die Sabbat is en dat hierdie seën meer van die Gees van Christus is, die Sabbat leer ons dat God tye het wat die teenwoordigheid van Jesus nader aan ons bring as op ander tye. Dit word uitgedruk deur hierdie gedeelte in Jesaja.

> Jesaja 48:18 Ag, as jy maar na my gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos ’n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see;

Christus is ons geregtigheid. Jesaja vertel ons dat hierdie geregtigheid soos die golwe van die see is. Die golwe van die see beweeg in individuele golwe wat op en af spoel op die strand. Ook gedurende die dag is daar gewoonlik twee hoë getye. Dan, in die tyd van die nuwemaan en volmaan is daar springgetye. Al hierdie dinge praat met ons van die eb en vloei van die regverdige Gees van Christus wat na die mensekinders kom.

Die sleutel om die Sabbat te verstaan is om te weet dat daar spesiale tye is wanneer Christus naby ons kom. Hierdie waarheid word weerspieël in die verskil tussen die daaglikse en die Sabbatsoffers. Sodra ons hierdie beginsel begryp, is ons gereed om iets baie mooi te sien.

> Levitikus 26:2-4 My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien. Ek is die HERE. (3) As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, (4) sal Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.

Om die Sabbat te gedenk, is om te onthou dat die Here spesiale seisoene van verfrissing het wat Hy ingestel het. Om die Heiligdom te eerbiedig, is om die groot koste te gedenk van ons Vader en Here Jesus in die verskaffing van hierdie gawes aan ons. Wanneer ons die Sabbat gedenk en die Heiligdom eerbiedig, sal die reën in die regte seisoen val en die land voorspoedig wees.

Ons onthou dat reën- en voedselkanale die lewe van Christus is wat aan ons gegee te word. Hoe groter hierdie skatte, hoe meer bewyse dat die lewe van Christus deur hierdie kanale oorgedra word. Wanneer ons ons harte uitstort in dankbaarheid vir hierdie gawes, dan is ons in staat om meer daarvan te ontvang.

Wanneer ons die Here op die Sabbat prys vir die dubbele porsie van Sy Gees, dan sal hierdie reën nie om ons val nie, maar dit sal op ons val en ons sal toeneem in genade. Bewustelik of onbewustelik trek elke mens op aarde voordeel uit die daaglikse offer van Christus. Soos ons vroeër opgemerk het, laat God Sy reën val op die regverdiges en die onregverdiges. Almal ontvang van die daaglikse voorsiening, maar slegs diegene wat reageer op die roeping van God deur Sy wet sal die ekstra seëninge ontvang wat in die Sabbat en ander vasgestelde tye gevind word.

Die wonderlike ding van hierdie Sabbatswaarheid is dat die rivier wat uit die Heiligdom stroom, dieper word soos die rivier voort vloei.

> Eségiël 47:1-4 Daarna het hy my teruggebring na die ingang van die huis, en kyk, daar het waters uitgestroom onder die drumpel van die huis uit, na die ooste toe; want die voorkant van die huis was na die ooste toe; en die waters het weggevloei onder die regtersymuur van die huis uit, suid van die altaar. (2) En hy het my uitgebring deur die noordpoort en my buitekant om laat gaan na die buitenste poort wat na die ooste kyk; en kyk, die waters het gekabbel uit die regtersymuur uit. (3) Toe die man na die ooste uitgegaan het met 'n meetsnoer in sy hand, het hy duisend el gemeet; en hy het my deur die waters laat deurgaan — waters tot aan die enkels. (4) Toe het hy nog duisend gemeet en my deur die waters laat deurgaan — waters tot aan die knieë; en hy het nog duisend gemeet en my laat deurgaan — waters tot aan die heupe.

Ons sien dat soos die water by die tempel uitgevloei het, dit dieper word. Die oorsprong van hierdie rivier vind ons in die vorige hoofstuk.

> Eségiël 46:3-8,11 Ook moet die volk van die land aanbid voor die ingang van dié poort, op die sabbatte en op die nuwemane, voor die aangesig van die HERE. (4) En die brandoffer wat die vors aan die HERE moet bring op die sabbatdag, is ses lammers sonder gebrek en 'n ram sonder gebrek; (5) en die spysoffer: 'n efa vir die ram; maar vir die lammers moet die spysoffer wees wat sy hand kan gee; en 'n hin olie vir 'n efa. (6) Maar op die dag van die nuwemaan: 'n jong bul sonder gebrek en ses lammers en 'n ram — sonder gebrek moet hulle wees; (7) en as spysoffer moet hy gereedmaak: 'n efa vir die bul en 'n efa vir die ram, maar vir die lammers volgens wat hy kan bekostig; en 'n hin olie vir 'n efa. (8) En as die vors ingaan, moet hy deur die voorportaal van die poort ingaan en met dieselfde weg weer uitgaan. (11) Verder moet op die feeste en op die feestye die spysoffer wees: 'n efa vir 'n bul en 'n efa vir 'n ram, maar vir die lammers, wat sy hand kan gee; en 'n hin olie vir 'n efa.

Die hoeveelheid offergawes styg namate hulle verskuif van daagliks na Sabbat, van Sabbat na nuwemaan en van nuwemaan na die feeste. Die lys van offergawes in Eségiël 46 is effens anders as dié wat in die boeke van

Moses gelys word. Ons sal die volgorde van Moses hier uitlê. Ek het nie die drankoffer ingesluit nie, maar dit volg dieselfde patroon.

| **Offer** | **Diere** | **Totaal Meel vir Offer** | **Totaal Olie vir Offer** |
|---|---|---|---|
| Daagliks.<br>Num 28:3-6<br>1 lam oggend en 1 lam in aand | 2 Lammers<br><br>**Totaal = 2 lammers** | 2.2kg meel x 2<br><br>**Totaal = 4.4kg** | 0.9lt x 2<br><br>**Totaal = 1.8lt** |
| Sabbat.<br>Num 28:9,10 | 2 Lammers plus 2 Lammers<br><br>**Totaal = 4 lammers** | 4.8kg plus 4.8kg van daaglikse offer.<br>**Totaal = 8.8kg** | 1.8lt plus 1.8lt<br><br>**Totaal = 3.6lt** |
| Nuwemaan.<br>Num 28:11-14 | 2 jong bulle,<br>1 ram<br>7 lammers plus daaglikse offer.<br>1 boklam vir sondoffer | 6.6x2 = 13.2kg<br>4.4x1 = 4.4kg<br>2.2x7 = 15.4kg<br>2.2x2 = 4.4kg<br><br>**Totaal = 37.4kg** | 2.7lt x 2 bulle<br>1.8lt x 1 ram<br>0.9lt x 7 lam<br>0.9lt x2 daaglikse lam<br><br>**Totaal = 15.3lt** |
| Pasga.<br>Ex 12:21 | Pasga Lam | Ongesuurde brood | Bitter kruie |
| Ongesuurde brood vir sewe dae.<br>Num 28:17-25<br>7 x nuwemaan | 14 bulle<br>7 ramme<br>49 lammers + 14 vir daagliks + 2 Sab<br>7 boklammers | 37.4kgs x 7 dae + 4.4kg vir Sabbat<br><br>**Totaal = 266.2kg**<br>(60.5 keer daagliks) | 15.3lts x 7 + 1.8lt vir weeklikse Sabbat<br>**Totaal = 108.9lt** |

| Offer | Diere | Totaal Meel vir Offer | Totaal Olie vir Offer |
|---|---|---|---|
| Fees van Weke | 2 jong bulle, 1 ram and 7 lammers.<br>Plus daaglikse offer van 2 lammers.<br>1 boklam vir sondoffer | 3/10 efa per bul<br>2/10 efa per ram<br>1/10 efa per lam<br>Berekening = (6.6x2)+(4.4x1)+(2.2x7)+(2.2x2)<br><br>**Totaal = 37.4kg** | 2.7x2 bulle<br>1.8x1 ram<br>0.9x7 lammers<br>0.9x2 daaglikse lammers<br><br>**Totaal = 15.3lt** |
| Fees van Trompette.<br>Num 29:1-6<br>Kom op Nuwemaan voor. Dus sluit offer in daaglikse offer plus nuwemaan offer plus Trompette offer | 1+2 bulle<br>1+1 ram<br>7+7+2 lammers<br>2 boklammers | 6.6x3 = 19.8kg<br>4.4+4.4 = 8.8kg<br>16x2.2 = 35.2kg<br><br>**Totaal = 63.8kg** | 2.7x3 = 8.1lt<br>1.8 x2 = 3.6lt<br>0.9 x16=14.4lt<br><br>**Totaal = 26.1lt** |
| Versoenings-dag.<br>Num 29:7-11 | 1 bul<br>1 ram<br>7 lammers + 2 vir daaglikse offer<br>1 boklam | 6.6kg<br>4.4kg<br>19.8kg<br><br>**Totaal = 30.8kg** | 2.7x1 = 5.4lt<br>1.8x1 = 1.8lt<br>0.9x7 + 0.9x2 = 8.1lt<br>**Totaal = 15.3lt** |

| Offer | Diere | Totaal Meel vir Offer | Totaal Olie vir Offer |
|---|---|---|---|
| Huttefees.<br>Num 29:12-40<br>Dag 1 = 13 bulle,<br>dag 2 = 12 bulle<br>tot dag 7 = 7 bulle. Elke dag =<br>2 ramme en 14 lammers | 70 bulle<br>14 ramme<br>98 lammers + 14 daagliks<br>+ 2 vir Sabbat<br>7 boklammers vir sondoffer. | 462kg<br>61.6kg<br>250.8kg<br><br>**Totaal = 774.4kg** | 2.7x70 = 189lt<br>1.8x14 = 25.2lt<br>0.9x 114 = 102.6lt<br><br>**Totaal = 316.8lt** |

Die rivier verdiep hoe verder ons van die bron gaan. Om ons 'n perspektief te gee soos dit vloei uit die daaglikse gawes van die Gees tot by die Huttefees, gebruik ons die maatstaf van die meel en olie. Ons sal nie al die weeklikse en die nuwemaan offers lys nie, maar slegs die gradering vanaf die daaglikse tot by die finale fees op die kalender.

| Offer | Meel | Olie | Eségiël 47:1-7 Rivier |
|---|---|---|---|
| Daagliks | 4.4kg | 1.8lt | Waters kom uit die Heiligdom |
| Sabbat | 8.8kg | 3.6lt | Teen 1000 el bereik dit die enkels |
| Nuwemaan | 37.4kg | 15.3lt | Teen 2000 el bereik dit die knieë |
| Ongesuurde Brood | 266.2kg (30 x Sabbatsoffers) | 108.9lt | Teen 3000 el bereik dit die middel |
| Sewende Maand se | 869kg (~100x | 359.2lt | Teen 4000 el bereik dit die kop |

| Offer | Meel | Olie | **Eségiël 47:1-7 Rivier** |
|---|---|---|---|
| Feeste | Sabbatsoffers) | | |

Die mees interessante feit oor hierdie rivier is dat waarheen dit ook al gegaan het, het dit lewe en genesing gebring.

> Eségiël 47:9 En al die lewende wesens wat wemel, oral waar die dubbele stroom kom, sal lewe; en daar sal 'n menigte visse wees, omdat hierdie waters daarheen gekom het; en dié waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom.

Die Sabbat gee aan ons die beginsel van 'n groter hoeveelheid van die teenwoordigheid van Christus. As ons in hierdie patroon voortgaan met die ander vasgestelde tye, sien ons dat die waters dieper en dieper word. Die Sabbat is om water te hê tot by jou enkels, en net so moes die priesters van Israel hul voete in die water sit, voordat die hele rivier vir hulle oopgemaak het, Josua 3:13. As jy die Sabbat omhels in geloof, dan sal die res van die rivier vir jou oopmaak om deur te gaan. Die meel en die olie wat saam gemeng word, vorm die brood wat van die hemel neerdaal. As ons verby die fisiese elemente na die ware Brood kyk soos dit in Christus gevind word, dan het ons die verdieping van die rivier ontdek wat van die troon van God vloei.

Let daarop dat toe Eségiël teruggekeer het na die oewer van die rivier by die vier duisend el merk, was daar oral bome.

> Eségiël 47:7 Terwyl ek teruggaan, kyk, toe het ek aan die kant van die stroom 'n menigte bome gesien, aan altwee kante.

Die rivier het 'n oorvloed van water voorsien, sodat die bome ten volle kon groei. Sommige produseer 30-voudig en ander 60-voudig en nog ander 100-voudig. (Markus 4:20).

Hier is die geheim van die rivier van die lewe. Soos ons die tye en seisoene van die verfrissing van die Here volg, soos ons in die wet van die Here wandel en Sy insettinge en verordeninge onderhou, dan open ons ons harte deur geloof om bome te word wat by die rivier van waters geplant is.

> Psalms 1:2 – 3 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. (3) En hy sal wees soos ’n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Hierdie gedagtegang spreek daarvan dat ons blare nie sal verwelk nie, wat beteken dat sonde nie oor ons sal heers nie. Die lewe van Christus wat die brood is uit die hemel, sal ten volle ontvang word en ons honger en dors na geregtigheid sal gevul word. Is dit die rede waarom die Gees van Profesie gretig was om mense aan te moedig om soggens en saans te aanbid?

> ‘Die tye wat vir die oggend- en aandoffer aangewys is, is as heilig beskou, en die Joodse volk het dit mettertyd as die vasgestelde aanbiddingstyd beskou. Toe die Jode later as ballinge in verafgeleë lande verstrooi was, het hulle nog op die vasgestelde tye met die aangesig na Jerusalem tot die God van Israel gebid. Hierdie gewoonte is vir Christene ‘n voorbeeld vir die oggend- en die aandgodsdiens. Hoewel God blote seremonies sonder die gees van aanbidding verwerp, sien Hy met groot welbehae op diegene neer wat Hom liefhet en elke oggend en elke aand neerkniel om vergifnis te vra vir sondes wat gepleeg is en om nodige seëninge te versoek.’ *Patriarge en Profete,* bl. 362

As daar lewende brood soggens en saans na ons toe kom, is dit nie dan verstandig om tot stilstand te kom en hierdie brood vir ons siele te versamel nie?

Ons sien hoe die Gees van Profesie die oggend- en aandoffer van Israel met die oggend- en aandaanbidding verbind. Die feit dat daar spesiale tye vir aanbidding elke dag is, dui sterk daarop dat die lewendige brood steeds soggens en saans neerdaal sedert die begin van die aanbidding van die ware God op aarde.

As ons elke oggend en aand vergader en ook elke Sabbat, om 'n dubbele seën, waarom dan nie voortgaan met nog 3000 el in die Sabbatsfontein, om ontvangs te neem van genoeg lewende water om te verhoed dat jou siel opdroog om sonde toe te laat om in die lewe te manifesteer. Ons word hierdie waarskuwing gegee:

> Eségiël 47:11 Die moerasse en kuile daarvan — húlle sal nie gesond word nie: vir sout is hulle bestem.

Moerasse en kuile is plekke wat eens op ‘n tyd vloeiende water ontvang het, maar nie meer langer in die stroom van die rivier is nie. Daar is diegene wat die lig ontvang het van die Vader en die Seun, en tog geweier het om in die lig van die middernagkreet vorentoe te beweeg. Diegene sal die kuile en moerasse ervaar wat aan sout oorgegee word en waar dinge nie meer kan groei nie. Kom in die stroom van die lewe en ontvang die seëninge van die lewende brood deur ons Vader se vasgestelde tye.

Al die offers en offergawes van die Mosaïese wet het verwys na die gawes van die Gees wat beskikbaar is deur die offer van Christus. Hierdie offers het nie net na die toekoms gewys nie, maar hulle het na die rivier van die lewe gewys wat destyds deur seisoene van verfrissing van ons Vader en Here Jesus gevloei het.

Wil jy net water ontvang wat tot by jou enkels kom? Sal jy liewer nie 'n oorvloed van water wou hê wat oor jou kop gaan en jou toelaat om 'n boom by die rivier te wees nie? Hoe gebeur dit? Oordink dag en nag die wet van God wat jou die tye van verfrissing sal gee. Dan sal jy in hierdie tye wysheid en onderskeiding ontvang oor hoe om die Bybel te lees en toe te pas in jou lewe.

Daar is vandag baie wat nie leer dat die kruis van Christus naby hulle is nie. Deur aan te dring dat die offerstelsel van die Jode slegs na die lyding van Christus 1500 jaar in die toekoms vanaf Moses verwys, dan is die gevolgtrekking dat die kruis van Christus nou 2000 jaar in die verlede is. Sy huidige selfverloëning en geweldige lyding in die dra van Sy kruis vandag word geminimaliseer en selfs geïgnoreer. Dit is net soos Satan dit sou wou hê. Let op wat A.T. Jones sê hieroor:

> ‘Die groot probleem met die Jode van die begin tot aan die einde was daarin om die Here so ver te verwyder dat selfs die dinge wat God gegee het om Sy volmaakte nabyheid te ervaar, is geneem en gebruik as tekens dat Hy ver verwyderd is. **Offers, offergawes, die tabernakel, die tempel, die tempeldienste, al hierdie dinge was deur die Joodse onderwysers en die oorgrote meerderheid mense op so 'n manier gebruik, dat al wat**

**hierdie dienste vir hulle beteken het, was dat hulle na Christus gewys het iewers in die toekoms**. Dit was verstaan dat hierdie dinge die Messias beteken, maar dit was die Messias wat ver in die toekoms was. En hulle moet hulleself goed maak om Hom nader te bring, en hierdie dinge is beskou as iets wat hulle deugsaamheid in hulself tentoonstel en so in staat was om geregtigheid aan hulle te gee.

**Ek is nie seker of Sewende-dag Adventiste oor hierdie idee gekom het nie en dat selfs hulle Christus veraf plaas. Ek sê nie nou dat Sewende-dag Adventiste dink dat Christus nou ver weg is nie. Ek is bang dat hulle nie van die idee weggekom het nie, wanneer hulle kyk na die heiligdom en sy dienste, die offers en offergawes, dat dit bedoel was om hulle te leer van Christus ver verwyderd. Daar word gesê dat hierdie dinge alles na Christus gewys het. Hierdie dinge het alles na Christus verwys, dit is die waarheid. Dit was egter Christus naby aan ons en nie ver nie. God het dit so bedoel dat al hierdie dinge verwys na Christus wat in hulle harte leef, nie 1800 jaar in die verlede nie. Ook nie so ver as die hemel van die aarde verwyder is nie, maar verwys na Christus in hulle eie daaglikse lewenservaring. Wanneer ons 'n houvas kry aan daardie idee en dan die heiligdom, die offers, die offergawes, kortliks, die evangelie soos dit in Levitikus is, bestudeer – dan sien ons dat Christus 'n lewende teenwoordige Verlosser is.**

**Daar is evangelie, daar is Christelike ervaring vir ons vandag in Levitikus, in Deuteronomium, in Genesis, in Eksodus, en in die hele Bybel. Wanneer ons daardie gedeeltes lees en sê dat daardie offers en offergawes almal na Christus verwys het êrens in die toekoms vir die Jode, en verwag dat die Jode vir Christus deur hierdie dienste een of ander tyd sou kom - dan, wanneer ons hierdie skrifgedeeltes lees en op die manier na hulle kyk, dan lees ons daardie skrifgedeeltes presies soos die Jode gedoen het en staan ons presies waar hulle gestaan het in die tyd van daardie skrifgedeeltes.**

Dit sal nooit deug nie. Nee. Ons moet nie na die heiligdom kyk met sy meubels en toebehore soos God dit geplaas het, met God se teenwoordigheid daar binne en dink dit het aan hulle gewys dat

hulle daardeur moes leer dat God slegs in die heiligdom in die hemel woon nie. As ons so daarna kyk, dan kan ons begin dink dat dit is omtrent hoe naby Hy aan ons is, want dit is hoe naby as wat ons Hom laat kom het tot hulle. Want as ons na dit kyk op hierdie manier, dan, as ons daar in hulle plek was, bly die vraag, hoe sou ons vir onsself daarna gekyk het? Op dieselfde manier, en dit toon dat as ons daar was, sou ons presies soos hulle gewees het.

Die neiging is, selfs by ons, om te lees van die heiligdom en van sy dienste en van God wat woon in die heiligdom en die teks, ‘Maak vir my 'n heiligdom dat Ek tussen hulle kan woon’, en sê, Ja, God het onder hulle gewoon in die heiligdom en het na die heiligdom gewys wat in die hemele is en die tyd kom wanneer God weer by Sy volk sal woon, want Hy sê van die nuwe aarde, "Kyk, die tabernakel van God is by die mens en God sal by hulle woon en hulle God wees en hulle sal Sy volk wees.’ Dus, wanneer die nuwe aarde kom, gaan God weer met Sy mense woon. Waar is God dan nou? Dit is wat ons wil weet. Wat maak dit vir my saak dat Hy met Sy mense op die nuwe aarde gaan woon? Wat maak dit alles saak as Hy nie nou by my woon nie? As Hy nie nou saam met my kan woon nie, is dit seker dat Hy nooit by my kan woon op die nuwe aarde en ook nêrens anders nie, want Hy het geen kans nie. Wat ek wil weet en wat elke siel moet weet is, woon Hy nou by my? As ons Hom ver weg sit, terug in die dae van die Jode en Hom dan in die toekoms sit op die nuwe aarde, wat doen dit nou vir ons? Hoe gee dit Hom nou aan die mens? Op daardie manier, hoe is Hy nou met ons? Dit is wat ons voortdurend moet studeer.

**Nou kan jy sien dat daar baie meer in die stelsel van vormlikheid is as net 'n klein verbygaande dingetjie wat die Jode vir ‘n rukkie versteur het en daarna verdwyn het. So seker as wat die duiwel lewe en so sekerlik as wat die vyandskap in die menslike hart is, so word die menslike natuur nogsteeds en vir altyd geraak daardeur. Daardie gemoed wat nie onderhewig is aan die wet van God nie, kan ook nie wees nie, net so seker soos dit in die wêreld is en solank dit in die wêreld is, net so lank sal die wêreld vervloek word met vormlikheid. Solank as wat daar enigiets daarvan**

> **in my hart is, sal ek in gevaar verkeer om vervloek te word met vormlikheid.'**

Ek sal hier net in Jones se gedagtegang inbreek maak en sê dat dit gestel moet word dat diegene wat leer dat die Jode betrokke was by 'n blote stel rituele en seremonies vir verlossing wat 1500 jaar in die toekoms gelê het, spreek van 'n God van vormlikheid. As God bloot 'n God van vorms was voor die kruis, dan bly hierdie kenmerk in Sy karakter en deur dit te aanskou word ons verander in daardie vorm. Waak daarteen en onderskei wie seremonialisme ondersteun selfs terwyl hulle daaroor die spot dryf. Laat ons voortgaan met wat A.T. Jones sê:

> 'Wat ons moet doen is om so 'n verlossing in Jesus Christus te vind, absolute oorwinning en verheffing aan die regterhand van God in die hemel, in Hom, dat daardie vyandskap in ons totaal vernietig moet word in ons in Hom. Dan sal ons vry wees van vormlikheid. Dan sal ons vry wees van tradisies en mense se gebooie en van mense wat hulself 'n gewete maak vir ons. Mense sê: "Jy moet dit doen of jy kan nie gered word nie. Jy moet dat doen of jy kan nie gered word nie." Nee, nee. Glo in Jesus Christus, andersins kan jy nie gered word nie. Verkry ware geloof in Jesus Christus en jy is gered.
>
> Dit is dieselfde stryd wat in Paulus se dag en werk gevoer is. Hy het slegs Jesus Christus verkondig as ons redding. Maar sekere Fariseërs "wie geglo het" het hom gevolg en gesê: "O ja, dit is alles goed genoeg om in Jesus Christus te glo, maar daar is iets anders. Jy moet besny word en die wet van Moses hou of jy kan nie gered word nie." Dié stryd het vir jare geduur en teen dit alles het Paulus heeltyd geveg. Hy het op geen stadium 'n haarbreedte toegegee nie. "As julle besny word, sal Christus jou niks baat nie." "Wie ook al van julle geregverdig is volgens die wet, het van die genade verval." Niks, niks anders as Christus nie en geloof in Hom! Wel, hulle het dit uiteindelik na die raad geneem, en daar het die Gees van God besluit dat Christus, en nie vormlikheid nie, die weg tot redding is. Dit is die hele storie. Die een was 'n poging om vormlikheid te verbind aan die Christendom of eerder in die plek van Christendom te stel; die ander was die lewende beginsel van Jesus Christus deur lewende

geloof, ’n werklikheid van die lewe en die hart van die wat in Jesus Christus glo.

Daar is 'n groot verskil tussen vormlikheid en beginsel. Jesus Christus wil hê dat ons Hom so volledig en persoonlik moet vind, dat die lewende beginsels van die waarheid van God, soos dit in Jesus Christus gevind word, ons gids sal wees en dat daardie lewende beginsels, wat in die lewe van die mens skyn deur die heerlikheid van Jesus Christus, ons gids sal wees op elke punt en dan sal ons weet wat om op daardie oomblik te doen. Dan benodig ons geen voorneme of geloftes om onsself te dwing om of die een of die ander te doen nie. Dit is die verskil tussen vormlikheid en die beginsel van die lewende teenwoordigheid van Christus in die hart. Een is totaal en al vormalisme en uiterlike diens, sonder Christus; en die ander is alles in Christus en Christus in alles.

Kom ons kyk weer na die dinge wat die Jode gedoen het by die tempeldienste, die offers en die offergawes, sodat jy dit nog bietjie meer volledig mag sien. Ek weet en jy weet ook dat die heiligdom, die tempel, 'n voorstelling van die heiligdom was wat in die hemel is. Die offers was voorstellings van die offer van Jesus Christus en die priesterskap en hulle diensvoorstellings van die priesterskap was van Christus. In al hierdie dinge sal God hulle en ons ook van Homself leer soos Hy in Christus geopenbaar word. Eers was daar 'n tydelike heiligdom en daarna die tempel, in die plek daarvan. Daar was die tempel wat op die Berg Sion in Jerusalem gestaan het. Vanuit daardie tempel het God hulle geleer dat die ware tempel op die Berg Sion in die hemelse Jerusalem is. God het gewoon in hierdie tempel op die Berg Sion in Jerusalem, in Palestina, en daardeur het Hy hulle gewys dat Hy woon in die hemelse tempel op die Berg Sion in die hemelse Jerusalem.

En Hy het ook gesê - en dit was waar in beide plekke en van beide kante -"Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek" Enige ander plek? "en by die verbryselde en nederige van gees." Wanneer? Ons lees ver terug, daar anderkant. Wanneer het Hy gewoon “by die verbryselde en nederige van

gees", sowel as "in die hoogte en in die heilige plek?" Het Hy dit sewe honderd jaar voor Christus gedoen, toe Jesaja gespreek het? Ja. Het die Here eers toe begin om by Hom te woon, wat van ‘n nederige en berouvolle gees is, sowel as in die hoogte en in die heilige plek op die Berg Sion? Nee.

Een duisend jaar voor Christus, toe Dawid gespreek het, het Hy dit toe gedoen? Ja. Het Hy dit toe eers begin? Nee. Hy woon altyd, vir ewig in albei plekke - met die nederige en berouvolle sowel as omhoog.

Wel, dan, het God nie, in daardie tempel op die aarde, hulle onderrig hoe Hy in daardie hemelse land gewoon het nie, maar hoe Hy in die tempel van die hart ook gewoon het? Sekerlik. Daar was die aardse Berg Sion voor hulle oë, verteenwoordigend van die hemelse Sion, wat God voor hulle geloofsoog vasgestel het. Daar op die Berg Sion, die hoë en verhewe plek in die aardse Jerusalem, was die tempel en God woon in die tempel. En in hierdie sou God wys dat Hy nie net daar gewoon het nie, maar ook in die tempel van die hart, die heiligdom van die siel, van Hom wat van 'n berouvolle en nederige gees is. En deur Sy tempel onder sondige mense te plaas en Self daarin te woon, het Hy ook gewys hoe Hyself sou woon in die tempel van Christus se liggaam, onder sondige mense en in sondige vlees.

Daar was ook 'n priesterskap van die aardse tempel op die Berg Sion in Jerusalem. Daar was 'n priesterdom van die heiligdom in Silo in die woestyn. Hierdie, (dit is waar) het die priesterskap van Christus verteenwoordig, maar het dit enige priesterskap van Christus voor A.D.1 verteenwoordig? Sal ons sê dat dit ‘n priesterskap van Christus verteenwoordig wat ver weg was? Nee. Daardie priesterskap in Jerusalem, in die heiligdom in die woestyn, het ‘n priesterskap verteenwoordig wat reeds bestaan het volgens die orde van Melgisédek? U sal 'n priester wees vir ewig volgens die bevel van Melgisédek? Nee, Nee. “U is 'n priester vir ewig volgens die orde van Melchisedek." Was Melgisédek nie 'n priester in die dae van Abraham en is die priesterskap van Christus nie vir ewig na die orde van Melgisédek nie?

> Sien jy dan nie dat hierdie hele diensstelsel wat aan Israel gegee was, om hulle die teenwoordigheid van die Christus, daar en dan te leer, vir die huidige verlossing van hulle siele en nie vir die redding van hulle siele duisend-agthonderd jaar of tweeduisend jaar of selfs vierduisend jaar weg nie? Sekerlik, sekerlik, dit is waar.' *Maart 5, 1895 A.T. Jones*, GCB 477.7

My vriende, ek hoop en bid dat u hierdie kosbare rivier van die lewe sal onderskei wat geidentifiseer word in die lewende brood wat uit die hemel neerdaal en geopenbaar word in die spysoffers van meel en olie. Hierdie gemengde meel en olie het na die Ware Brood van God verwys wat vir hulle teenwoordig was tot redding. Op dieselfde manier kan ons elke dag en elke Sabbat en elke nuwemaan en elke fees nader kom met 'n diepe bewustheid van die rivier van die lewe en die gawe van die Gees. Die Sabbat is inderdaad die kanaal vir die seël van God. Wanneer ons eers die Sabbat-beginsel ingaan, aanvaar ons dat God Sy Gees op vasgestelde seisoene stuur. As ons waak en bid dat ons Vader ons moet roep in Sy vasgestelde seisoene, dan sal ons baie meer lewende brood ontvang as die daaglikse deel wat aan alle mense gegee word.

As jy bereid is om elke oggend na God te kom en te vertrou dat die Brood van die lewe werklik gedurende die oggendaanbidding neerdaal soos uitgedruk in soggens se spysoffer, watter seën sal jy dan in die geloof geniet. Dieselfde ding gebeur weer met aandoffer. Wat 'n gevoel van afwagting skep dit as ons in geloof kom om die lewende Brood te ontvang wat uit die hemel neerdaal. Glo jy daar is 'n dubbele porsie wat op die Sabbat neerdaal, soos uitgedruk in die Evangelie van die Ou Testament? Glo jy dat die nuwemaan aan jou 'n agtvoudige seën bied uit die daaglikse geskenk van brood uit die hemel? Hoe ver in hierdie rivier van die lewe is jy bereid om in te beweeg? Honger en dors jy na die geregtigheid van Christus? Hou vas aan God se tye van verfrissing en open jou hart in geloof tot die ware brood wat neerdaal uit die hemel en jy sal nie teleurgesteld wees nie.

> Johannes 6:52-64 Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons sy vlees gee om te eet? (53) En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. (54) Hy wat my vlees eet en my bloed

> drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. (55) Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank. (56) Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. (57) Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe. (58) Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het — nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe. (59) Hierdie dinge het Hy gesê in die sinagoge toe Hy in Kapérnaüm onderrig gegee het. (60) En baie van sy dissipels het gesê toe hulle dit hoor: Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister? (61) En Jesus het in Homself geweet dat sy dissipels hieroor murmureer, en Hy sê vir hulle: Is dit julle tot 'n aanstoot? (62) Hoe dan as julle die Seun van die mens daarheen sien opvaar waar Hy tevore was? (63) Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (64) Maar daar is sommige van julle wat nie glo nie. Want Jesus het van die begin af geweet wie hulle was wat nie glo nie, en wie hy was wat Hom sou verraai.

So is dit vandag. Die oorgrote meerderheid glo nie in hierdie kosbare rivier van die lewe nie. Sommige van hulle is selfs nou aktief om die reputasie van hul broers te beskadig, tensy hulle in die lig van hierdie waarheid kom. Inderdaad is die inligting in hierdie boekie vir baie mense baie moeilik. Neem jy ook aanstoot?

> Johannes 6:65-67 En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie. (66) Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie. (67) Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?

Dit was deur die onderrig van die lewende broodbeginsel dat baie weggedraai het van Jesus en Hom nie meer gevolg het nie. Tog het ons troos in die woorde van die dissipels:

> Johannes 6:68-69 En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. (69) En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.

Mag dit ons getuienis wees, sodat ons met blydskap kan bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" en vertrou dat dit vermenigvuldig sal word op dieselfde manier as wat Jesus die brode en visse vermenigvuldig het en die 5000 gevoed het, net voor die uitstorting van die Gees tydens die fees van ongesuurde brood.

Voordat ons hierdie studie voltooi, moet ons die kwessie van die drankoffer aanpak wat verband hou met die brood en die offers en dieper insien hoe die vreugde van die Vader en Seun aan ons gegee word in die Gees van genade.

> Númeri 28:7 En die drankoffer wat daarby behoort, moet wees ’n kwart-hin vir elke lam. In die heiligdom moet jy die drankoffer van sterk drank aan die HERE uitgiet.

In vers 7 vind ons die uitdrukking sterk wyn *shakár-* (Stong's H7941). Sommige vertalers verkies die uitdrukking voortreflike wyn in plaas van sterk drank; dit stem saam met Levitikus 2:11 wat sê: "**Geen** spysoffer wat julle aan die HERE bring, mag van iets **wat ingesuur is**, berei word nie; want van **géén suurdeeg** of heuning mag julle vir die HERE ’n vuuroffer aan die brand steek nie." Dat hierdie drankoffer bestaan het uit wyn en nie enige ander drankie nie, kan deur Númeri 15: 1-10 bevestig word waar beveel was om met die offerdiere van die Feeste (ook genoem in Númeri 28) 'n drankoffer te offer van *yayin*, Strong’s H3196 is duidelik dat dit 'n produk van die wingerdstok is. Die meeste vertalings gee dit as sterk of gefermenteerde drank, maar dit skep 'n teenstrydigheid met die Skrif wat verband hou met Levitikus 2:11. Sal ons Vader vra vir 'n offer wat 'n seën wat Hy gee, simboliseer met iets wat Hy veroordeel? As jy die Spaanse vertalings van hierdie vers ondersoek, sien ons dat byna almal (uitsluitende die van die Katolieke) as 'n "voortreflike wyn" vertaal word. Die *Reina-Valera Revisada* van 1909, 1960, 1994, 1995, 2000, 2004 vertaal dit as “voortreflike wyn”. Die *Sagradas Escrituras* (1569) weergawe het dit ook as 'n “voortreflike wyn” vertaal. Die *Biblia Latinoamericana* 1995 het dit as "suiwer wyn" vertaal. Die *Jubileum Bible* 2000 vertaling sê:

> ‘En die drankoffer daarvan sal die vierde deel van 'n hin wees met elk een lam; jy moet die drankoffer van voortreflike wyn uitgooi vir die HERE in die heiligdom.’

Ook die S.D.A. Bybelkommentaar sê die volgende (vertaal uit Spaans):

> "Baie kommentators dring daarop aan dat in hierdie geval moet *sykár* na die beste en mees voortreflike wyn verwys. Die Joodse kommentators, volgens algemene reël, ondersteun dat in hierdie geval die gebruik van *shekár*, die konsep van 'n verdunde wyn uitgesluit word, en aan die ander kant is hulle voorstanders van die idee van 'n vars geparste wyn." Vry vertaal vanuit *The S.D.A Bible Commentary*

Dit gee ruimte om te dink dat sterk drank kon ook gekonsentreerde, nie verdunde, druiwesap beteken. Dit is ook in ooreenstemming met die verandering van water in wyn wat deur Jesus gemaak is, by die troue in Kana, toe die owerste van die fees gesê het dat die bruidegom die beste wyn gehou het vir laaste. Die konsep van "voortreflike wyn", "suiwer wyn" of "vars geperste wyn" pas perfek by die taal wat gevind word in *Koning van die Eeue*:

> 'Naby die deur het ses groot klipwaterkanne gestaan, en Jesus het hulle beveel om hulle vol water te maak. Dit is gedoen. En, omdat die wyn dadelik nodig was, het Hy gesê, "Skep nou uit en bring dit vir die hoofdienaar." Pleks van die water waarmee die kanne gevul is, het daar nou wyn uitgekom. Die hoofdienaar en die gaste was nie eintlik bewus daarvan dat die wyn gedaan was nie. Toe hulle nou die wyn proe wat die bediendes gebring het, het die hoofdienaar bevind dat dit **beter** was as enige wyn wat hy ooit gedrink het, en baie anders was as die wat in die begin bedien is. Hy het hom tot die bruidegom gewend en gesê: "Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar jy het die goeie wyn tot nou toe bewaar"' - *Koning van die Eeue*, bl. 144.5 (*Desire of Ages*, p. 148.2)

Let op die verband tussen wyn en die seëninge wat God deur Christus gee.

> 'Soos die mense eerste die beste wyn voorsit, en daarna die minderwaardige, so maak die wêreld ook met sy gifte. Wat die wêreld gee, mag die oog bevredig en die sinne bekoor, maar dit sal nooit bevredig nie. Die wyn word bitter en die vreugde verander in droefheid. Wat met vrolike gesing begin is, eindig in moegheid en verfoeiing. **Maar die gawes van Jesus is altyd vars en nuut. Die feesmaal wat Hy vir die siel berei, bring altyd tevredenheid en vreugde. Elke nuwe gawe stel die**

> **ontvanger in staat om die seënige van die Here beter te waardeer**. Hy gee genade vir genade. Die voorraad sal nooit gedaan raak nie. As u in Hom bly dan sal die feit dat u vandag 'n ryke seën ontvang het die waarborg van 'n ryker seën môre wees. Die woorde van Jesus aan Natanael stel die wet van Gods handelwyse met die kinders van die geloof saam met elke nuwe openbaring van Sy liefde, sê Hy aan die ontvanklike hart, "Glo jy…? Jy sal groter dinge sien as dit." Johannes 1:50' - *Koning van die Eeue*, bl. 145.1 (*Desire of Ages*, p. 148.3)

> '**Die wyn wat Christus by die fees voorsien het**, en die wat Hy aan Sy dissipels gegee het as die simbool van Sy eie bloed, **was die suiwer sap van die druif**. Die profeet Jesaja verwys hierna waar hy spreek van die nuwe wyn "soos wanneer iemand mos kry in 'n tros druiwe," en sê: "Verniel dit nie, want **daar is 'n seën in**." - *Koning van die Eeue*, bl. 146.1 *(Desire of Ages*, p. 149.3)

As hierdie Voortreflike en Suiwer Wyn 'n simbool is van Christus se seëninge, dan is die drankoffer in Númeri 28: 7, wat bedoel is om 'n seën te beteken, van 'n soortgelyke kwaliteit. Mens kan net 'n offer aan God bring deur te erken dat dit in die eerste plek Hy was wat dit aan jou gegee het. God het nie aan mense gefermenteerde en bedwelmende drankies gegee nie. God het Sy rein en onbesmette vreugde in Sy Seun gegee.

Let ook op na die ooreenkomste van die woord *shekár* met die werkwoord *shakár* wat volgens Strong's H7937 kan beteken dat jy bly is of om baie te drink. Ons sien dan dat die wynoffers van nuwe wyn was en hulle beteken 'n seën wat God aan Sy volk gegee het.

Númeri 28:7 dui vir ons die hoeveelheid wyn vir elke lam aan en in Númeri 28:14 word ons die hoeveelheid wyn vir elke bul en ram gegee en die herhaalde hoeveelheid vir die lam.

> Númeri 28:14 En hulle drankoffers moet wees 'n half-hin wyn vir 'n bul en 'n derde van 'n hin vir 'n ram en 'n kwart-hin vir 'n lam. Dit is die brandoffer by elke nuwemaan, vir die maande van die jaar.

Die berekeninge is soos volg:

| **Offer** | **Meel** | **Olie** | **Wyn** |
|---|---|---|---|
| Daagliks | 4,4kg | 1,8lt | 1,8lt |
| Sabbat | 8,8kg | 3,6lt | 3,6lt |
| Nuwemaan | 37,4kg | 15,3lt | 2 bulle = 1 hin;<br>1 ram = 1/3 hin;<br>7 lammers = ¼ hin x 7<br>**Totaal = 11,1lt** |
| Ongesuurde Brood | 266,2kg<br>(30 x Sabbatsoffers) | 108,9lt | 11,1lt x 7 = **77,7lt** |
| Pinkster | 37,4kg | 15,3lt | 12,9lt |
| Sewende Maand se Feeste | 869kg<br>(~100 x Sabbatsoffers) | 359,2lt | Trompette = 22,2lt<br>Versoening = 11,1lt<br>Huttefees = 245,4lt<br>**Totaal = 278,7lt** |

Die meel wat gebruik word om brood te maak, verteenwoordig die lewe wat God gee en wat Hy onderhou deur Sy Seun. Die olie word ook gebruik om brood te maak, maar is ook 'n simbool van die gees wat aan God se kinders gegee word, maar wat van die wyn? Dit is dikwels 'n simbool van Christus se bloed, maar in die konteks van die offers kan dit nie wees nie, want daar is alreeds 'n tipe simbool van die bloed in die lam wat gedood is. In hierdie konteks moet 'n offer van wyn 'n simbool wees van iets wat Christus se bloed vir ons gekoop het.

Die brood, saamgestel uit meel en olie, en wyn is simbole van seëninge. Byvoorbeeld, toe Abraham teruggekom het om sy neef Lot te red, het Melgisédek hom ontmoet om hom te seën en brood en wyn vir Abraham gebring.

> Genesis 14:18,19 En Melgisédek, die koning van Salem, wat ’n priester van God, die Allerhoogste, was, het **brood** en **wyn** gebring (19) en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.

Deur hierdie seën te volg het Abraham die versekering gehad dat hy gedra word deur God en dat hy nie die goedere van mense nodig het nie. Daarom het hy geweier om die rykdom van Sodom se koning te aanvaar.

> Genesis 14:21-23 En die koning van Sodom sê vir Abram: Gee my die mense, maar neem die goed vir uself. (22) Toe antwoord Abram die koning van Sodom: Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde, (23) dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak.

Die boek Joël gebruik die meel, olie en wyn as simbole van seëninge van God.

> Joël 2:19 En die HERE het geantwoord en aan sy volk gesê: Kyk, Ek stuur vir julle koring en mos en olie, sodat julle daarvan versadig word, en Ek maak julle nie meer tot ’n voorwerp van smaad onder die nasies nie.

Die woord vir koring is *dagan* (Strong’s H1715) en beteken graan, brood of koring. Met dit in gedagte, laat ons die volgende Psalm oordink:

> Psalms 104:1-15 LOOF die HERE, o my siel! HERE my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed — (2) wat Uself omhul met die lig soos met ’n kleed, wat die hemel uitspan soos ’n tentdoek; (3) wat sy solders bou in die waters, wat van die wolke sy wa maak, wat op die vleuels van die wind wandel, (4) wat van die winde sy boodskappers maak, van vuurvlamme sy dienaars. (5) Hy het die aarde gegrond op sy grondveste, sodat dit vir ewig en altyd nie wankel nie. (6) U het dit met die wêreldvloed soos met ’n kleed oordek; die waters het bo-oor die berge gestaan. (7) Vir u dreiging het hulle gevlug, vir die stem van u donder het hulle weggeskrik — (8) berge het opgerys, laagtes het weggesak — na die plek wat U vir hulle reggemaak het. (9) ’n Grens het U gestel waar hulle nie oor mag gaan nie; hulle mag die aarde nie weer oordek nie. (10) Hy wat

> die fonteine uitstuur in die holtes: tussen die berge loop hulle deur. (11) Hulle laat al die diere van die veld drink; die wilde-esels les hulle dors. (12) By hulle woon die voëls van die hemel; tussen die takke uit laat hulle die stem hoor. (13) Hy laat die berge drink uit sy boonste kamers; die aarde word versadig uit die vrug van u werke. (14) Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante tot diens van die mens: om broodkoring uit die aarde te laat voortkom, (15) en dat wyn die mens se hart kan bly maak; om die aangesig te laat blink van olie, en dat brood die mens se hart kan versterk.

Hierdie gedeelte verduidelik die betekenis van die drie tipes offers wat in Númeri 28 genoem word, en die konteks van die Psalms is God as die gewer en volhouer van lewe. Ons kan sien dat die brood, as simbool van Christus se lewe wat gegee is aan die mense, versterk of onderhou die mens se hart, die olie as simbool van Christus se Gees laat die mens se gesig skyn, en die wyn as simbool van Christus se vreugde maak die harte van die mense bly.

Daar is baie tekste wat die wyn voorstel as 'n simbool van blydskap, vreugde en behae. Een van hulle is 'n gelykenis in Rigters 9.

> Rigters 9:12,13 Toe sê die bome vir die wingerdstok: Kom jy, wees koning oor ons. (13) Maar die wingerdstok het vir hulle gesê: Sou ek my **mos (wine – KJV)** opgee wat God en die mense **vrolik** maak, en oor die bome gaan swewe?

Die woord hier vir vrolik is *samakj* (Strong's H8055) en is dieselfde woord [bly] wat in Psalm 104:15 gebruik word. In hierdie Psalm sien ons dat wyn die hart van die mens bly maak, en in Rigters 9:13 maak dit God en die mens vrolik. Hoe kan wyn God vrolik of bly maak? Wat weet ons van die Vader se vreugde, behae en plesier? In wie het Hy 'n welbehae? Spreuke 8:30 sê:

> Spreuke 8:30 toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd,

> Proverbs 8:30 [KJV] Then I was by him, *as* one brought up *with him:* and I was daily *his* delight, rejoicing always before him;

En in Matthéüs 3:17 word gesê:

> Matthéüs 3:17 En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.

Christus, God se eniggebore Seun, is die Vader se behae, vreugde en plesier. Daar is 'n vreugdesverhouding tussen Christus en Sy Vader. Christus verbly Hom in die agape liefde van die Vader. Daardie liefde word geopenbaar in die aanstelling van Sy Seun as erfgenaam van alle dinge. Die Vader is verheug en het ‘n welgebehae in Sy Seun, een wat Sy selfverloënende liefde waardeer. Die Seun deel alles wat Hy geërf het met die heelal. Christus het geneem om te gee, en Hy deel met die mens die behae en vreugde van die verhouding tussen Hom en sy Vader. Die Gees van Profesie sê:

> ‘En die woorde wat tot Jesus by die Jordaan gespreek is, “Dit is My geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het,” sluit die ganse mensdom in. Die Vader het tot die Seun as ons verteenwoordiger gespreek. Met al ons sondes en swakhede word ons nie as waardeloos weggewerp nie. Hy het ons begenadig in die Geliefde. (Efe. 1:6).’ - *Koning van die Eeue*, bl. 106.3 (*Desire of Ages*, p. 113.1)

> Spreuke 8:30-31 toe was ek ’n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, (31) en het gespeel op sy wêreldrond**, en my verlustiginge was met die mensekinders**.

Christus brei hierdie behae na die mens uit. Die Vader se behae is in Sy Seun, en die Seun se behae is nie net voor die Vader nie, maar ook word ook met die mens gedeel. Die wyn as 'n simbool van vreugde, blydskap en behae, verteenwoordig Christus as die vreugde van God en van die mens. Christus is God se behae, en die mens se ware verlustiging kan slegs die geliefde Seun van God wees.

Nog 'n simbool van Christus wat met die wyn verbind word, as 'n simbool van blydskap, vreugde en behae, is die rivier van die lewe. Psalms 46:5 sê:

> Psalms 46:5 Die stroompies van ’n rivier maak die Godstad **bly**, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste.

Die woord hier vir bly is weereens *samakj*, en ons kan sien dat hierdie rivier in die stad van God die hele stad bly maak. Volgens Openbaring 22 vloei hierdie

rivier uit die troon van God en van die Lam. Kan dit 'n simbool wees van die behae van die Vader in Sy Seun wat met die heelal gedeel word deur Christus, wat die kanaal is? Ek glo so. Vir my is die mooiste ding hieroor dat die wyn van die Hemel, die vreugde en behae van die Hemel, vrylik aan ons gegee word.

Kom ons kyk na 'n ander vers.

> Psalms 36:8-10 Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels. (9) Hulle verkwik hul aan die vettigheid van u huis, en U laat hulle **drink uit die stroom van u genietinge**. (10) Want **by U is die fontein van die lewe**; in u lig sien ons die lig.

In vers 10 sien ons dat na die fontein van die lewe verwys word as om by God te wees. Ons weet die Bybel leer ons dat die Vader die bron van alles is. Hier sien ons asof iets of iemand met God is en daardie iets of iemand word na verwys as die fontein van die lewe. In Spreuke 8 is Christus met God, in Johannes 1:1 is Hy die Woord wat met God was. In Openbaring is Hy die Lam wat saam met God op God se troon sit. Ons sien dus hier die moontlikheid dat na Christus verwys word as die fontein van die lewe. Hy is daardie rivier, die kanaal, waarin die lewe, gees, vreugde en al die seëninge van God na die heelal vloei. Die Gees van Profesie sê:

> 'Dieselfde skone en beeldende simbole kom orals in die Bybel voor. Honderde jare voor die koms van Christus het Moses na Hom verwys as die steenrots van Israel se heil (Deuteronomium 32:15); die psalmdigter het van Hom gesing as "my verlosser", "die rots van my sterkte", "'n rots wat vir my te hoog is", "'n rots om in te woon", "die rots van my hart", "die rots van my toevlug". In Dawid se sang word Sy genade geskilder as **koel "waters** waar rus is", te midde van groen weivelde waarlangs die hemelse Herder Sy kudde lei. Dan sê hy weer: "U laat hulle **drink uit die stroom van u genietinge. Want by U is die fontein van die lewe**". (Psalms 19:15; 62:8; 61:3; 71:3; 73:26; 94:22; 23:2; 36:9,10.) En die wyse man sê: "'**n stroom wat bruis [is] 'n fontein van wysheid**". Spreuke 18:4. **Jeremia sien Christus as "die fontein van lewende water"** (Jeremia 2:13), **en**

**Sagaria beskou Hom as "'n geopende fontein… teen sonde en onreinheid"** (Sagaria 13:1).' *Patriarge en Profete*, bl. 432.3

'Jesaja beskryf Hom as "'n ewige rots", en "die skaduwee van 'n swaar rots in 'n land wat versmag" (Jesaja 26:4; 32:2). Hy teken die kosbare belofte op en roep die stroom wat vir Israel gevloei het helder voor die gees: "Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die Here, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie". "Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond"; "in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis" (Jesaja 41:17; 44:3; 35:6). Daar is die uitnodiging: "O Almal wat dors het, kom na die waters" (Jesaja 55:1). En in die laaste bladsye van die heilige Woord weerklink hierdie uitnodiging. Die rivier van die water van die lewe, "helder soos kristal", stroom uit die troon van God en van die Lam uit; en die genadige uitnodiging klink deur die eeue: "Laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet" (Openbaring 22:17).' *Patriarge en Profete*, bl. 432, 433.1

In Psalm 36 vers 9 vind ons dat elkeen wat uit hierdie rivier drink, drink van die genot en behae van God.

Psalms 36:9 Hulle verkwik hul aan die vettigheid van u huis, en U laat hulle **drink uit die stroom van u genietinge**.

Hierdie wonderlike webehae in die gemeenskap met God word aan ons gegee.

1 Johannes 1:3 wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

Daar is tye vasgestel vir hierdie verfrissinge. Dit vloei in die Sabbatte.

Jesaja 58:13-14As jy jou voet terughou van **die sabbat** — om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy **die sabbat 'n verlustiging noem** en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; (14) **dan sal jy jou verlustig in die HERE**, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van

> die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek.

Ook op die nuwemane:

> Eségiël 46:1 So sê die Here HERE: Die poort van die binneste voorhof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werkdae gesluit wees; maar op **die sabbatdag** moet dit **oopgemaak word**; **ook moet dit op die dag van die nuwemaan oopgemaak word**.

> Eségiël 46:3 Ook moet die volk van die land aanbid voor die ingang van dié poort, **op die sabbatte en op die nuwemane**, voor die aangesig van die HERE.

Jesus nooi ons uit om van die lewende waters in die feestye te drink.

> Johannes 7:37-38 En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! (38) Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.

Daar is 'n verband tussen die simbole van die wyn en die rivier van die lewe. Die wyn, net soos die meel en die olie, vloei deur die water van die rivier van die lewe, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God en Hy is die fontein van die lewe. Tydens die viering van die Huttefees in die tyd van Jesus het die priesters die water wat van die rots by Horeb gevloei het, herdenk. Hulle het die water van Siloam in 'n goue houer na die tempel gebring. Daar was twee silwer waskomme, een vir die water en die ander vir die wyn. Die water en die wyn is saam gemeng in 'n pyp wat na die Dooie See gelei het. Dit is baie soortgelyk aan wat ons lees in Eségiël 47.

> Eségiël 47:7-8 Terwyl ek teruggaan, kyk, toe het ek aan die kant van die stroom ’n menigte bome gesien, aan altwee kante. (8) En hy het vir my gesê: Hierdie waters vloei weg na die oostelike landstreek en loop in die Vlakte af en gaan na die see; in die see word dit uitgelei, sodat die waters daarvan gesond kan word.

Die Nuwe Lewende Vertaling vertaal dit so:

> Eségiël 47:8 Hy het vir my gesê: “Hierdie rivier vloei oos deur die woestyn af na die Jordaanvallei toe, waar dit dan in die **Dooie**

See invloei. Die water van dié rivier sal die soutwater van die Dooie See vars maak.

Die Huttefees was 'n vreugdevolle viering van die seëninge wat God Israel gegee het. Dit is baie moontlik dat die simbool van wyn in hierdie viering ook vreugde, blydskap en behae beteken het. Let op wat die Gees van Profesie sê:

> ‘Nadat die Israeliete hulle in Kanaän gevestig het, het hulle die uitstroming van die water uit die rots **met groot vreugdebetoon gevier**. In Christus se tyd het hierdie fees ‘n baie indrukwekkende seremonie geword. Dit het tydens die Huttefees plaasgevind, wanneer die volk uit alle dele van die land in Jerusalem vergader het. Op elk van die sewe dae van die fees het die priesters, vergesel van musiek en die Levietekoor uitgegaan om met ‘n goue vat uit die fontein van Siloam water te skep. Hulle is deur ‘n skare van aanbidders gevolg, en soveel van hulle as wat by die stroom kon kom, het daaruit gedrink onder die sing van die vreugdesang: “Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil” (Jesaja 12:3). Daarna is die water wat die priesters geskep het onder basuingeklank en met plegtige sing van die woorde: “Ons voete staan in jou poorte, o Jerusalem!” (Psalm 122:2) na die tempel gedra. Daar is die water onder die sing van lofliedere op die brandofferaltaar uitgegiet en die skare het saam met die musiekinstrumente en die swaarluidende trompette as koor gesing.’ {*Patriarge en Profete*, bl. 431.2} ‘**Die Heiland het van hierdie simboliese diens gebruik gemaak om die gedagtes van die volk te vestig op die seëninge wat Hy aan hulle kom bring het. “Op die laaste dag, die groot dag van die fees,” het Sy stem deur die tempelhowe geklink: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.** En “dit”, sê Johannes, “het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo” (Johannes 7:37-39). Die verkwikkende water wat uit ‘n dorre land opwel en die woestyn laat blom, en verder uitvloei om lewe te gee aan diegene wat van die dors omkom, **is ‘n simbool van die genade wat net Christus kan gee** en wat soos lewende water is wat die siel reinig, verkwik en versterk. Hy in wie Christus woon, het ‘n nimmer feilende fontein

> van genade en krag in hom. **Christus vervrolik die lewe en verlig die pad van almal wat Hom waarlik soek**. Indien Sy liefde in die hart ontvang word, sal dit goeie werke tot die ewige lewe voortbring. En dit seën nie net die siel waarin dit ontspring nie, maar die lewende stroom sal in godvrugtige woorde en dade uitvloei om die dorstiges rondom hulle te verkwik.' *Patriarge en Profete*, bl. 431.4-432.1

Die rivier van die lewe is ook 'n simbool van Christus wat Sy bloed, Sy lewe, uitstort, sodat ons lewe kan hê. Al die seëninge van die Hemel word aan ons gegee, insluitend die blydskap, vreugde en geluk van die hemel en die behae van die Vader.

> 'Die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde. Ons moet die doeltreffendheid van die bloed van Jesus altyd in gedagte hou. Hierdie bloed wat **lewens reinig en onderhou,** is ons hoop as ons dit in geloof toe-eien. Ons moet 'n steeds groter besef hê van sy onberekenbare waarde, want dit geld vir ons alleenlik as ons deur die geloof die krag daarvan opeis, en die gewete rein en in vrede met God bewaar. **Dit word as die vergewende bloed voorgehou, wat onskeibaar met die opstanding en lewe van ons Heiland verbind is, en word deur die standhoudende stroom voorgestel wat uit die troon van God vloei, die water van die rivier van die lewe**.' – *Seuns en Dogters van God*, bl. 226.2 (*Sons and Daughters of God*, bl. 226.2)

> 'Ons Heiland sou nie 'n tweede keer geoffer word nie, en vir diegene wat die seëninge van Sy genade soek, is dit net nodig om in die Naam van Jesus te vra – om die begeertes van die hart in 'n berouvolle gebed uit te stort. Sulke gebede herinner die Here van die leërskare aan die wonde van Jesus, en **dan vloei die lewegewende bloed opnuut daaruit, soos dit deur die uitstroming van die lewende water vir Israel uitgebeeld is**.' *Patriarge en Profete*, bl. 431.1

Die wyn wat die harte van die mense verbly, vloei deur die rivier van die lewe. Deur Christus ontvang ons elke seën wat daar is. Dit is alles moontlik gemaak deur die slae, die wonde en vernedering van Christus; Sy lyding, die vergieting van Sy bloed. Al die simbole van die offergawes spreek hiervan. Die koring moes gemaal word om meel te kry vir die brood. Die olywe moes

geslaan word om die olie te produseer en die druiwe moes getrap word om wyn te maak. As ons na Christus kom in die tyd wat Hy ons roep vir 'n spesiale seën, en die prys wat Hy en Sy Vader betaal het om alle seëninge moontlik te maak, erken, sal ons van Hom drink en sal ons ons in die rivier dompel wat elke 1000 el verdiep, soos genoem word in Eségiël 47[4], en Hy sal elke behoefte bevredig, selfs die behoefte om deur die Vader aanvaar te word en te weet dat Hy in ons ‘n behae het. Hierdie geluk en vreugde sal 'n fontein vestig om soliede en gesonde familieverhoudings te bou, wat ook blydskap en baie gelukkige oomblikke tot ons lewens sal bring.


Gee eer aan die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat sulke ongelooflike seëninge van liefde en genade aan Sy wispelturige kinders gee. Sal jy inkom na hierdie rivier van die lewe? Sal jy van die wyn van die koninkryk van een Sabbat na die ander en een nuwemaan na die ander drink? Smaak en proe dat die Here goed is.

> ‘Die een groot Offer wat gemaak is, is genoeg vir almal wat glo. Die liefde van Christus sal die gelowige met nuwe lewe bemoedig. **Hy wat van die water van die fontein van die lewe drink, sal vervul word met die nuwe wyn van die koninkryk**.’
> Vry vertaal vanuit *Selected Messages*, Vol. 1, bl. 388.1

---


[4] Dit is baie interessant om daarop te let dat in RVA, SE, RVR en ander Spaanse vertalings van die Bybel, in Eségiël 47:9 sê: "En al die lewende wesens wat wemel, oral waar die dubbele stroom kom, sal lewe; en daar sal ’n menigte visse wees, omdat hierdie waters daarheen gekom het; en dié waters sal gesond word, en alles sal lewe waar die stroom kom." Die enigste manier om in hierdie rivier te swem en te leef is om in die rivier tot 4000 el te beweeg (sien Eség. 47: 5) waar die waters verby die kop is en kan net gekruis word deur te swem. As die rivier elke 1000 el verdiep (wat die vasgestelde tye beteken) en die seëninge brei uit en verdiep daarmee en as ons kies om nie die rivier af te volg tot ons kan swem nie, sal ons broodnodige seën verbeur.

Verwante boekies oor hierdie onderwerp beskikbaar by
maranathamedia.com




*Standing by the Landmarks*

Die Adventiste beweging is gefundeer op Openbaring 14:12 om diegene in te sluit wat die gebooie van God en die geloof van Jesus bewaar. Uit hierdie fondasie openbaar hierdie boekie die verbintenis tussen 'n begrip van die geregtigheid van Christus wat geopenbaar word in gehoorsaamheid aan al die gebooie van God.




*What About the Feasts?*

*What About the Feasts?* beantwoord baie vrae soos:

Word dit vandag van ons vereis om die Insettinge te onderhou?
Wat is by die Insettinge ingesluit?
Bevat die feeste morele beginsels?
Moet ons die Insettinge hou om gered te word?




*Haal Augustinus se Verbondsbril af*

Leer hoe die verbondstelsels, soos ontwikkel deur Augustinus, die ontvangs van die Laat Reën verhoed het nadat die 1888 boodskappe gepreek is.

# Lewende Brood uit die Hemel

Die offerstelsel met sy diereoffers en spys- en drankoffers dui alles op die lewe wat Jesus se genade gee deur Sy werk op die kruis en Sy bemiddeling in die hemel vir ons.

Die vraag ontstaan: wat is die betekenis van al die gewigte en mates van meel en olie en hoeveelhede van diere? As al hierdie gebeure eenvoudig na die dood van Jesus, 2000 jaar gelede, verwys, hoe kan elkeen van hierdie diere- en spysoffers by elke godsdienstige byeenkoms verskil? Wat beteken dit?

Is daar lesse vir ons in hierdie offers en offergawes wat ons dalk nie oorweeg het nie?

> 'Die wet is die beliggaming van die evangelie, en die evangelie is die ontplooiing van die wet. Die wet is die wortel en die evangelie is die geurige bloeisel en die vrug wat dit dra. *Die Ou Testament werp lig op die Nuwe, and die Nuwe op die Oue*. Elk is 'n openbaring van die heerlikheid van God in Christus. Albei openbaar waarhede wat voortdurend aan die ernstige soeker nuwe dieptes van betekenis sal openbaar. Waarheid in Christus en deur Christus is onmeetlik. *Hy wat die Skrifte bestudeer, kyk as't ware in 'n fontein in wat al dieper en breër word namate hy die dieptes inkyk.' Die Gelykenisse van Christus*, bl.82; *Christ Object Lessons*, p.128.

Mag ons meer van die evangelie leer deur die lig wat in die Ou Testament gevind word. Kom ons drink uit die bron en verdiep ons vreugde in die evangelie van Christus.